Projek Hanna
'n Bediening van TWR

Mei 2016

Liewe voorbidder,

‘n Paar vrae is deesdae in my gedagtes: Hoekom bid ons? Is gebed maklik vir jou?

Gebed gebeur nie maklik nie, en die gedagte om hardop te bid kan ‘n oorsaak van kommer wees vir baie van ons. Nietemin, God is so getrou om vroue bymekaar te bring in tye van moeilikheid en nood deur ons Projek Hanna-gebedsgroepe. Ons gebedsgroepe voorsien ‘n veilige hawe vir deelnemers om hul worstelings te deel.

Een van die dames wat ‘n byeenkoms in Suid-Afrika bygewoon het, het haar waardering vir Projek Hanna betuig in die opsig dat dit haar aangemoedig het om elke Vrydag na die gebedsgroep te kom om saam met die ander dames te bid. Sy het meegedeel dat dit haar gehelp het in vele kringe van haar lewe en dat sommige van haar gebede beantwoord is.

‘n Ander Projek Hanna-gebedsgroep in Suid-Afrika het God gevra om ‘n nuwe gelowige in die groep te bemagtig. Mev S. dank die Here dat sy nou kan sien. Sy het getuig dat sy deur bose geeste verblind was. Sy het haar vertroue in haar voorouers geplaas. In haar hart wou sy God dien, maar sy het nog probeer om God én haar voorouers te dien. Gelowiges het na haar huis gegaan en vir haar gebid. Prys God dat sy nou die lewende God alleen dien.

Ek word vandag weer herinner dat wanneer ons na die Bybel gaan, vind ons baie plekke wat ons lei en aanmoedig in gebed.

- Wanneer ons bang is, help gebed ons om vrede te vind. “Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.” (Filippense 4:6–7) “Ek het die Here aangeroep en Hy het my geantwoord, Hy het my gered uit alle doodsgevare.” (Psalm 34:5).

- Wanneer ons moeg is, help gebed ons om rus te vind.  “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.” (Matteus 11:28).

- Gebed herinner ons dat ons nie alleen is nie, en dat God naby is. “Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses.” (Psalm 34:19).

- Gebed maak ons oë oop tot die nasies. “Mag die nasies bly wees en jubel omdat U hulle regverdig regeer en hulle op die aarde lei. Mag die volke U loof, o God, mag al die volke U loof!” (Psalm 67:5–6).

Kom bid saam met ons hierdie maand vir ons susters in suiderlike Afrika. “Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, hulle moet onder die nasies verkondig: ’Die Here regeer’.” (1 Kronieke 16:31).

Peggy Banks
Wêreld-bedienings-direkteur
Projek Hanna

Prys die Here vir die dapper vroue wat in suiderlike Afrika reis om ander vroue te nooi om saam met ons te bid en na die "Women of Hope" programme te luister in hul eie tale. Bid dat die nodige fondse beskikbaar sal wees vir die bedienings wat hierdie vroue so hard aan werk om te ontwikkel.

Die volgende is uittreksels van onlangse verslae aangaande besoeke aan streke waar Projek Hanna besig is om nuwe gebedsbedienings te loods asook oor die meegaande aktiwiteite in gevestigde areas.

**Swaziland:**

Die nasionale koördineerder vir Swaziland, Khaboe, het saam met 16 vroue van Manzini tot by die Kandinda streek gereis. Die besoek aan die vroue in die Kandinda streek is deur die hoofman georganiseer.

"Die hoofman se vrou het ons verwelkom en het ons besoek op die prys gestel aangesien dit in 'n buitedistrik is ver van die stad. Ons het sepies gehad, wat ons aan die vroue gegee het; en die sepies het elk 'n kaartjie met Bybelverse daarop gehad. Hulle was opgewonde om dit te ontvang."

Khaboe het die Woord van God gedeel, maar voor dit, het sy Projek Hanna se bediening aan die vroue van die streek voorgestel. Hulle was so opgewonde, veral oor die idee van gebed vir ander vroue regoor die wêreld. Ons het hulle geleer van Dorcas, 'n vrou wie haarself toegewy het tot goedhartigheid en liefdesdade om mense te dien in die gemeenskap van Joppa (Handelinge 9:36-43). Ons behoort ons te verbind tot diens om ander te help en te gee aan diegene in nood. Ons het die vroue aangemoedig om goeie dinge te doen en uit te reik na ander, veral diegene in nood.

**Suid-Afrika:**

Die nasionale koördineerder vir Suid-Afrika, Lyn Burnett, het na kwaZulu-Natal (KZN) gevlieg om die Projek Hanna-span in hierdie provinsie te besoek. Die Projek Hanna provinsiale span het Lyn op datum gebring oor die Zulu "Women of Hope"—program wat by die plaaslike TWR ateljee vervaardig word.

Hulle het ook verslag gedoen oor sommige van die aktiwiteite van hul gebedsgroepe en luisteraarsgroepe:

- Die Umbumbulu groep van ongeveer 20 is meestal weduwees met 'n diep begeerte om God te ken en dien.
- Die Kwanyswa groep het 'n kragtige getuienis gelewer van 'n sangoma vrou (toordokter) wat haar lewe vir die Here gegee het. Die krag van gebed!
- Die groep naby Valley Trust groei steeds. Mense in die groep verander gereeld. Soos wat vroue werk kry en die groep verlaat, kom nuwe vroue in hul plek.
- Die Molweni groep is ook hoofsaaklik weduwees wat na die Zulu vroue-programme luister op oudio spelers en saam bid.
- Die Umlazi-gebedshuis het drie gebedsessies elke dag.

Terwyl Lyn daar was, het sy die geleentheid gehad om saam met Zoee en Philile te reis om die Umlazi gebedsgroep te ontmoet. Pastoor Janet lei hierdie gebedsgroep al van 1995. In die laaste paar jare het hulle begin om die Projek Hanna gebedskalenders te gebruik en te fokus op die gebedsversoeke. Hulle ontmoet gewoonlik in 'n vervalle houthuisie. Vir Lyn se besoek het hulle 'n tent opgeslaan, en daar was ongeveer 20 vroue by die byeenkoms. Hulle het 'n wonderlike tyd gehad, gedeel vanuit God se Woord en tyd saam spandeer in gebed. Hul gebedsbyeenkomste word elke dag gehou om 5 v.m., 10 v.m., en 6 n.m. Die gebedsgroep het nie meer 'n ontmoetingsplek nie, aangesien hul houthuisie inmekaargeval het as gevolg van die reën. Hulle bid vir 'n nuwe houthuisie vir hul gebedsontmoetings.

Bid dat meer koördineerders gevind sal word vir die Gauteng, KZN, en Kaapstad areas. Gee dank aan God vir Verona, Avrille, Jay, Brenda, Eunice, Linda, Pumla, Ria, Margaret, Geraldine, en ander leiers.